2026
01 - 7 NOV
2026

Eldo-Nuusbrief

Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE
FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

Gedagte vir die week



Vind rus in God

"Laat staan en weet dat Ek God is." Psalm 46:11

Tussen al die geraas en gejaag van die lewe nooi God ons om stil te word voor Hom. Hierdie stilte is 'n geloofsdaad waarin ons erken dat ons nie alles kan beheer nie, maar dat ons aan die Here behoort. Ons kan ons bekommernisse aan Hom toevertrou, want Hy bly ons toevlug, selfs wanneer die wêreld om ons bewe. Maak hierdie week elke dag 'n oomblik stil en rus in die sekerheid: God hou jou vas.

Gebedsgedagte vir die week.
Kom ons sê DANKIE.....



Vader God, baie dankie vir almal wat so hard werk, bydra, ronddra, bring, wegry, inpak en uitpak vir ons jaarlikse Miernes Kersmark. As gemeente is ons so geseën en diep dankbaar dat U elke jaar ons bystaan en U hand oor ons hou. Amen!

Mat 7 (7) "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. (8) Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word"

Wat gebeur alles die maand?

Eredienste:

Sondag 1 November
09:00 Buitelug Feesdiens
Geen Mini- en Eldo-Chomps agv Feesdiens
Geen Diens@6 agv Feesdiens

Sondag 8 November
09:00 Erediens (DOOP)
09:00 Mini-Chomps Afsluiting
09:00 Eldo-Chomps Afsluiting
18:00 Diens@6 Oppi dek

Sondag 15 November
09:00 Erediens
18:00 Diens@6 Oppi dek

Sondag 22 November
09:00 Erediens
18:00 Diens@6 Oppi dek




Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?

Kliek hier!

vir die Gespreksgids!



Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

Mini & Eldo-Chomps

Datums vir die Vierde Kwartaal:

25 Oktober - Kinderkerk

1 November - FEESSONDAG

8 November - Afsluiting in die Chompssaal



Dean Albasini word op 8 November tydens die erediens gedoop.

Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

Diens@6 - 4de kwartaal

1 November - Geen Diens@6 agv Kersmark
BUITELUG FEESDIENS 09:00

8 November - Diens@6 Oppidek

15 November - Diens@6 Oppidek

22 November - Kersfees-aand Oppidek

29 November - Diens@6 Afsluiting vir 2026

Gaan besoek ons Instagram-blad vir meer inligting!

1 Timoteus 4:12

"Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid."

Terugvoer





Ds Christiaan en Ds Fanie was laas week (18-22 Okt) by die Noordelike Sinode-sitting by Weesgerus, Nylstroom. Almal sê dit was 'n heilsame en produktiewe sitting en hulle is opgewonde oor die pad vorentoe. Vir meer inligting, sien Die Kerkbode







Diens@6 se Tiener Kleingroepe het Sondagaand hule afsluiting gehad. Dit was baie gesellig en groot pret.






Raak Betrokke!

Raak Betrokke.....

By Eldo-Hande



Wil jy dalk help met ad hoc geleenthede of uitreike?
Skakel in by ons "Eldo-Hande"
Kontak die Gemeentekantoor by 068 031 8844.

"Vele hande maak ligte werk"


Ander

GHOLFERS@ELDO

Maandag 16 Nov Kontak vir
Johan
072 174 3915
of Louis
082 783 7975
as jy kan kom saam speel.




BYBELSTUDIE



Elke Dinsdag 9:30
Elke tweede Donderdag 18:30
Kontak **Christiaan** of **Fanie** vir meer inligting.

HOBBY KLUB

Het jy 'n interessante "hobby"?
Dit sal wonderlik wees as jy vir ons daarvan kom vertel en vir ons kom wys.
Kontak vir
Ethel
082 444 0302



Kerssangdiens Sondag 15 November

Kom deel in hierdie pragtige en besondere gebeurtenis



Eldoraigne Familiekerk is nou op Instagram!
Gaan volg ons deur HIER te kliek.

ADORAMUSDIENS/ EUCHARISTIE

Dinsdagaand
3 Nov om 18:30.
Kom deel in die stilte.



MANNE- EN VROUEBEDIENING


Dit was onder ons aandag gebring dat daar behoefte is aan 'n manne- en vrouebediening. Ons wil graag insette rakende dit hoor, vul dus asb die onderstaande Google vorm in.
Kliek **HIER**

Kantoor Kaskenades

Verduidelik gou....
Hoekom word daar altyd gesê:
"Ag moeder" vir iets cute...
Maar "Ag Vader" as daar iets verkeerd is?

Eldo-Eikehout Klub
vir Senior lidmate

Alle senior inwoners van Eldoraigne word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op 12 November 2026 om 09:00 by Eldoraigne Familiekerk.
Vir meer inligting kontak Rico by 074 459 1284




Kantoor rekenaar


Baie dankie vir al die bydrae tot die opgradering van die kerkkantoor rekenaar! Ons is nog in die proses om die rekenaar finaal te opgradeer. Ons sal julle ophoogte hou.



Dankbaar[10]

Dankbaar[10] is een van ons gemeente se groot fondsinsamelingsprojekte. Dit behels 'n ekstra bydrae tot kollekte (die oud 10de maand prinsiep).
Gebruik asseblief die verwysing *'Dankbaar10'* vir alle inbetalings.
Die projek sal loop tot aan die einde van die jaar.
Alle bydraes word waardeer!





Bybel 101!




Het jy geweet...

Judas Makkabeus was 'n groot Joodse leier wat teen die Grieke opgestaan het in die Makkabeuse Opstand van 167-160 v.C. Sy pragtige verhaal word opgeskryf in die Apokriewe van 1 Makkabeus.


Is jy deel van 'n Omgeegroep? *Sluit aan!* en word vandag nog deel!

"Save the date"

5 November
Miernes Kersmark
Terugvoer Vergadering



13 - 16 November,
Lewensverryking
Enkel Seminaar




15 November
Kerssangdiens



16 November
Gholfers@Eldo



19 November
Gemeenteraad Afsluiting



22 November
Diens@6 Kerssangdiens



Lewensverryking Seminare





Vir meer inligting, besoek hul webtuiste HIER, of kontak hulle by: 083 251 6725 / 087 095 0512



Verjaarsdae vir die week

02 Nov
David v/d Berg

03 Nov
Stefan Bredenkamp

04 Nov
Petru Boshoff
Paul Visagie

05 Nov
JP Jordaan
Madelein Pretorius
Anneline Strumpher
Johan v/d Walt

06 Nov
Juane Lourens
Stefan Marais
Chené Strauss

07 Nov
Suné Kuhn
Stephen Schonborn

08 Nov
Elizabeth Joubert
Antoinette Kruger





Baie geluk!

Nuwe Intrekkers



Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

Welkom!

Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente?



Skakel asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844 om die leraars in kennis te stel.

Het jy enige nood?

Laat weet ons vir 'n gebedsversoek!



Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons

Dankie!

Hiér maak JY saak!

Terugvoer van die GR

BORG ‘n BOOM PROJEK

Verskeie bome op die kerkterrein gaan hierdie jaar nie weer bot nie. ☹️
Die bome is aangeval deur die uiters destruktiewe PSHB besie (Polyphagous Shot Hole Borer) wat in simbiose met ‘n fungus (Fusarium euwallacea), die boom se vog- en voedingskanale besmet, wat die boom laat sterf. Daar is tans géén bestrydingsmiddels teen hierdie plaag nie, en sodra ‘n boom geïnfesteer word, sterf dit binne ‘n baie kort tyd. Sodra al die dooie bome verwyder is - met groot dank aan Danie Rapp (wie aangebied het om dit kosteloos te doen!!) gaan ‘n BORG ‘n BOOM projek geloots word om die gapings wat in die tuin gaan ontstaan, met nuwe inheemse bome in te vul…
Hou hierdie spasie dop vir meer inligting oor hoe ons almal kan saamstaan & deelneem aan die herstel en omskepping van ons tuin in ‘n pragtige, skaduryke lushof!!









www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

Kontak ons

Eldoraigne Familiekerk
Bankbesonderhede

Bank: ABSA
Tak: Mall@Reds
Tjekrek: 3260140042
Takkode: 632005
Verwysing: Jou van en bv. "Dankoffer" of "Kollekte"

SnapScan

Is jy bewus van ons WhatsApp Community groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Community groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel.

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

Gaan "Like" ons op Facebook!

Gemeentekantoor ure:
Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30

NOMMERS
Tel: 068 031 8844

AANLYN
bedien@eldofam.co.za
www.eldofam.co.za

ADRES
Henriweg 1045,
Eldoraigne, 0157

Of stuur ons 'n epos na:
bedien@eldofam.co.za

Wil jy graag meer kontak met die leraars hê?



Christiaan Ackermann
Epos: christiaan@eldofam.co.za
Sel: 066 296 1650




Fanie Fourie
Epos: fanie@eldofam.co.za
Sel: 074 933 2000

Kontak ons

vir huisbesoek, 'n telefoon oproep of net gesprek!



Ondersteun asseblief die aksies buite ons gemeente. Hier maak HULLE ook saak!







Ondersteun asseblief ons adverteerders

Ondersteun asseblief Eldoraigne Familiekerk se koffieborg.







